

STEPHANUS PETRUS ERASMUS: GRENSBOERPIONIER EN VOORTREKKER, 1788-1847

W.J. Markram

J.C. Visagie

Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch,
Stellenbosch, 7600

Stephanus Petrus Erasmus: Frontier pioneer and voortrekker, 1788-1847

In this article a composite portrait of the life of Stephanus Erasmus is presented. The fact that Erasmus, in comparison to his frontier compatriots, attained significant prominence firstly as a trekboer and later as a Voortrekker and resident of Natal, is emphasized in this article. However, he was simply an Afrikaner farmer who battled to secure a livelihood for himself and his family.

The early years of Erasmus' life, the factors that inspired him to trek and his later move to Winburg, Potchefstroom and Ohrigstad are also discussed.

In hierdie artikel word 'n oorsigtelike beeld op die lewe van Stephanus Erasmus gewerp. Dat Erasmus, in vergelyking met ander grensboere, eers as 'n trekboer en later as Voortrekker en inwoner van Natal 'n prominente persoonlikheid was, word in hierdie studie beklemtoon. Hy was andersins maar net 'n Afrikanerboer wat om 'n bestaan vir hom en sy gesin geworstel het.

Die vroeë lewe van Erasmus, die faktore wat die trekgedagte by hom aangewakker het, en sy latere verhuising na Winburg, Potchefstroom en Ohrigstad word ook behandel.

Vroeë lewe en familie

Die stamvader van die Erasmuses in Suid-Afrika is Pieter Erasmus wat in die 17de eeu tydens die regering van goewerneur Simon van der Stel uit Nederland na die Kaap verhuis het.¹ Die vader van die persoon waaroor hierdie artikel handel, Daniel Elardus Erasmus, was 'n kleinseun van die stamvader.² Daniel Erasmus het minstens vier kinders, drie seuns en 'n dogter, gehad. Stephanus Petrus was die jongste seun van Daniel Erasmus en sy derde vrou, Catharina van der Merwe.³ Stephanus Erasmus is in April 1788 in Kaapstad gedoop.⁴

Die Erasmus-familie was in 1788 in die distrik Graaff-Reinet woonagtig.⁵ Teen 1804 of 1805 het Stephanus Erasmus se ouers hulle in die distrik Swellendam gevestig.⁶ Stephanus is in hierdie

D.J. Erasmus, 'n Tak van die Erasmus-familie (Klerksdorp, 1982), pp. 3, 5-6; C.C. de Villiers (hersien een aangevul deur C. Pama), *Geslagsregisters van die ou Kaapse families I* (Kaapstad en Rotterdam, 1981), p. 201.

2. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KAB), Kaapstad: VC 645 Paarl (Drakenstein), Baptism, 1746-1775, ongepagineer; J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse geslagregisters II* (Pretoria, 1989), pp. 212-220.

3. KAB: MOOC 6/9/47 no. 44 (Death Notice).

4. KAB: VC 610 Cape Town, Baptism, Membership, Marriage, 1786-1795, ongepagineer.

5. KAB: J 108 Opgaafrrol, Graaff-Reinet 1788, p. 22.

6. KAB: J 318 Opgaafrrol, Swellendam 1805, ongepagineer.

distrik in September 1812 met Maartje Wilhelmina Zacharia Kruger getroud.⁷ Hulle het minstens tien kinders, vyf seuns en vyf dogters, gehad.⁸ Na hul vader se dood in 1811⁹, het Stephanus en sy broer Daniel Jacobus, hulle op die familieplaas Brandrivier in die wyk Langeberg gevestig.¹⁰

Noordoosmigrasie

Hierna het Stephanus Erasmus, soos talle ander Afrikanerboere, geleidelik noordooswaarts migreer. In 1821 het hy vanaf die distrik Swellendam¹¹ na die distrik Beaufort verhuis.¹² Sedert 1822 was hy in die wyk Winterveld van die distrik Graaff-Reinet woonagtig.¹³ Teen 1823 het Erasmus verder ooswaarts na die wyk Nuwe Hantam onder provisionele veldkornet Gideon Daniël Joubert verskuif.¹⁴

In 1825 het Erasmus en sy gesin in die wyk Brakrivier, distrik Somerset, gewoon.¹⁵ Hier het hy hom op die plaas Tygerkloof, geleë langs die Stormbergspruit, gevestig.¹⁶ Erasmus het waarskynlik as gevolg van die droogte en die gebrek aan weivelde in die wyk Brakrivier hom teen 1829 wederregtelik oorkant die koloniale grens,¹⁷ naamlik die Stormbergspruit, bevind.

Faktore wat tot die noordoostelike trekboermigrasie aanleiding gegee het, was hoofsaaklik geografies en ekonomies van aard. Die motief van die meeste was om groter of beter grond te bekom en nie om van regeringskontrole te ontsnap nie.¹⁸ Soos die meerderheid trekboere oorkant die noordoosgrens het Stephanus Erasmus hom nie net kerklik as deel van Cradock beskou nie,¹⁹ maar ook die meeste ander verpligte van regeringskant op Cradock afgehandel of namens hom laat afhandel.²⁰

Op 14 Oktober 1835 is die gebied tussen die Stormbergspruit en die Kraairivier geproklameer²¹ met Stephanus Erasmus as veldkornet.²²

Faktore wat die trekgedagte aangewakker het

Teen 1835 was daar natuurlik al gerugte en sprake van emigrasie uit die noordoostelike grenswyke.²³ Hoewel Stephanus Erasmus in daardie stadium nog nie tot die trekgedagte oorgehaal was nie, het die groot aantal waens wat deur sy wyk beweeg het, sekerlik nie ongemerk by hom verbygegaan nie.

-
7. KAB: VC 695 Swellendam, Marriage, ongepagineer.
 8. J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse geslagregisters II*, pp. 222-223.
 9. KAB: MOOC 7/7/62 Testamenten, P. Faure — A.W. Bland, 9/9/1811, ongepagineer.
 10. KAB: J 331 Opgaafrol, Swellendam 1812, ongepagineer.
 11. KAB: J 340 Opgaafrol, Swellendam 1821, ongepagineer.
 12. KAB: J 8 Opgaafrol, distrik Beaufort 1821, p. 38.
 13. KAB: J 159 Opgaafrol, Graaff-Reinet 1822, p. 46; KAB: 1/GR 14/116a Miscellaneous Documents. General Muster Rolls, ongepagineer.
 14. KAB 1/GR 14/108 Miscellaneous Documents, Lists of Taxes, Quitrents and Fines paid by Inhabitants, ongepagineer.
 15. KAB: J 182 Opgaafrol, Somerset-Oos 1825, p. 76.
 16. KAB: CO 8481 Report on the Memorials by Inspector of Government Lands and Woods and the Sworn Surveyor Wernich, S.P. Erasmus — B. D'Urban, 29/10/1835, ongepagineer.
 17. KAB: CO 8481: Report on the Memorials by Inspector of Government Lands and Woods and the Sworn Surveyor Wernich, S.P. Erasmus — B. D'Urban, 2/11/1835, ongepagineer.
 18. G.E. Cory, *The rise of South Africa III* (Cape Town, 1965), pp. 256-257.
 19. KAB: VC 717 Cradock, Baptism, 1817-1826, ongepagineer; KAB: VC 718 Cradock, Baptism, 1827-1832, ongepagineer; KAB: VC 719 Cradock, Baptism, 1832-1837, no. 200, p. 51.
 20. E.W. Smith, *The life and times of Daniel Lindley* (London, 1949), p. 99.
 21. KAB: A 519 vol. 17 *The Graham's Town Journal*, 14/10/1835, p. 159.
 22. KAB: A 519 vol. 3 Letters Received, H. Somerset — B. D'Urban, 6/10/1835, p. 124.
 23. KAB: A 519 vol 16 Despatches to the Lieutenant Governor, Eastern Districts, W. Smith — J.F. Ziervogel, 21/8/1835, pp. 64-65.

Dit sou waarskynlik 'n bydrae gelewer het om die trekgedagte by hom aan te wakker.

Daar was ook ander faktore wat meegehelp het dat Erasmus sy lot by die emigrante sou inwerp. Hy sou as provisionele veldkornet van die wyk Brakrivier²⁴ en sedert 1835 as veldkornet van die wyk Kraairivier beslis deeglik met die administratiewe verwaarlozing van die noordoosgrenswyke kennis gemaak het. Die sluiting van die sub-drosdy van Cradock op 11 Maart 1825 en die skepping van die distrik Somerset, 'n bykans onhanteerbare groot grensdistrik met Somerset (-Oos) as landdrossetel, het die administrasie van dié streek baie bemoeilik.²⁵

Vir die grensboere was dit 'n ernstige grief dat hulle swaar boetes opgelê is vir oortredings wat hulle teen hul slawe begaan het, terwyl hulle dikwels heeltemal in die duister oor die wette van die Kolonie was. Reeds in 1816²⁶ en weer in 1831 is Stephanus Erasmus en sy vrou daarvan aangekla dat hulle hul slawe sleg behandel het.²⁷

Die geldigheid van die hofuitsprake kan nie bewis word nie, maar sommige grensboere het sowat 300-400 km van die magistraatsetel te Somerset gewoon.²⁸ Ook Erasmus sou as gevolg van die hofsake irritasie, moeite en onkosteervaar. Geen wonder nie dat hy die petisie onderteken het waarin daar gekla is oor die slawewetgewing wat op 2 November 1831 uitgevaardig is. Daarin het hulle gekla oor die talle voorskrifte wat hulle ten opsigte van hulle slawe moes nakom.²⁹

Sommige oënskynlik minder belangrike faktore soos die smokkelhandel in en tekort aan buskruit was verdere grieve van die noordoosgrensboere. In Januarie 1836 het vk. Stephanus Erasmus en ander veldkornette 'n versoekskrif aan die koloniale regering gestuur. Daarin het hulle beswaar aangeteken dat aan elke individu slegs twee pond buskruit elke ses maande toegestaan is.³⁰

Erasmus en sy mede-noordoosgrensboere is heeltemal ontnugter toe daar op 5 Desember 1836 deur middel van 'n proklamasie afstand gedoen is van die gebied tussen die Stormbergsspruit en die Kraairivier. Die gebied is aan die Thembukaptein, Maphasa, toegeken.³¹ Vir talle grensboere van dié wyk, en waarskynlik ook vir Stephanus Erasmus, het die opseggung van die geannexeerde gebied aan hulle geen ander alternatief gelaat as om weg te trek nie.³²

Die talryke voorvalle van veediefstalle en rondswerwery in die Kolonie deur groepe woonagtig buite die koloniale grense, was 'n ernstige klage onder die noordoosgrensboere. Assistent-siviele kommissaris J.F. Ziervogel het beklemtoon dat vk. Erasmus dit baie moeilik gevind het om die rondswerwende swart vlugtelinge in sy wyk te beheer.³³ Op 27 Maart 1837 het Erasmus self verklaar dat hy voornemens was om te bedank. Die rede daarvoor was die gebrek aan spesifieke instruksies met betrekking tot die bendes vlugtelinge wat sonder passe deur die Kolonie geswerf het.

24. KAB: LG 4 Letters Received from the Civil Commissioner, Grahamstown, A. Pretorius — D. Campbell, 24/1/1836, ongepagineer.

25. G.D.J. Duvenage, *Van die Tarka na die Transgariep* (Pretoria ensvoorts, 1981), pp. 25-26.

26. KAB: CO 78 Letters Received from the Collector of Tithes and Customs, P.S. Berifine (?) — C. Somerset, 19/12/1816, ongepagineer.

27. KAB: 1/SSE 10/58 Letters Despatched by the Resident Magistrate, M. Onkruydt — L. Cole, 20/6/1831, ongepagineer.

28. G.D.J. Duvenage, *Van die Tarka na die Transgariep*, p. 100.

29. KAB: CO 4376 Arrear Memorials, A. Pretorius (namens talle inwoners van die wyk Brakrivier) — L. Cole, 13/12/1832, no. 31, pp. 221-229.

30. KAB: CO 3990 Memorials Received, S.J. van Wyk, J.C. Greyling, S.P. Erasmus, J.A. Vorster, J.G. Pelser, J.A. Venter, D.J. Joubert, P.D. du Preez — B. D'Urban en die Wetgewende Raad van die Kolonie, 30/1/1836, no. 89.

31. P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)* (Den Haag en Kaapstad, 1937), p. 340.

32. KAB: LG 524 Memorials Received, "Ordinary", C. van Niekerk en andere — A. Stockenstrom, 1/3/1837, pp. 120-122.

33. KAB: GH 8/1 Lieutenant Governor, Despatches, J.F. Ziervogel — A. Stockenstrom, 28/9/1836, no. 17, pp. 106-107.

Erasmus het bygevoeg dat hy dit onmoontlik gevind het om orde in sy wyk te handhaaf. Hy het sy vasberadenheid te kenne gegee om by die emigrante wat die Kolonie verlaat het, aan te sluit.³⁴

Grondkressies het ook 'n rol gespeel in sy besluit om te emigreer. Soos talle ander boere sou Erasmus jare lank moes wag voordat hulle grondbriewe uitgereik word. In Januarie 1830 het Erasmus versoek dat die plaas, Mooiplaats, geleë aan die Stormberge teenoor die Stormbergsspruit, aan hom toegeken word.³⁵ Teen 1835 het hy nog nie die grondbrief ontvang nie en het hy weer gevra dat Mooiplaats in ewigdurende erfpgā aan hom toegeken moes word.³⁶ Eers in Augustus 1837 het Erasmus se naam verskyn op 'n lys van persone aan wie grond in die distrik Somerset toegeken is.³⁷ Erasmus het in iedere geval teen daardie tyd al die Kolonie verlaat.

'n Verdere faktor wat waarskynlik daartoe aanleiding gegee het dat Stephanus Erasmus besluit het om sy lot by die emigrante in tewerp, was die moordaanklag wat daar teen hom aanhangig gemaak is. In uitvoering van die opdrag van kol. Henry Somerset van 1 November 1835,³⁸ het Erasmus vir Africa, 'n Mantateeskaptain woonagtig by Donkerhoek, verplig om van die vee in sy besit af te gee. Daarna is 'n aantal Mantatese na oorkant die Oranjerivier verskuif. Onderweg het Erasmus 'n Mantatees, genaamd Robert, doodgeskiet.³⁹

Die saak teen Erasmus het maande lank voortgesloer⁴⁰ en hy het die Kolonie verlaat sonder dat hy ooit verhoor is. Hierdie gebeure het Erasmus laat voel dat die regering nie die maatreëls wat daargestel is op 'n konsekwente wyse uitgevoer het nie.

Erasmus verdien veral sy plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis as gevolg van die aanval wat die Ndebele van Mzilikazi op 21 Augustus 1836 op sy jagkamp langs die Vaalrivier geloods het. Slegs Stephanus Erasmus, sy oudste seun, Pieter Ernst, en Pieter Bekker en sy seun, het die aanval oorleef. Die res van sy jaggeselskap, waaronder sy twee seuns, Daniel Elardus en Stephanus Petrus jr., is om die lewe gebring.⁴¹ Twee dae later het Erasmus ook aan die bekende Vaalrivierslag deelgeneem waartydens die aanslag van die Ndebele deur die Voortrekkers afgeweер is.⁴² Erasmus en die res van sy jaggeselskap was egter toe nog nie Voortrekkers nie en het toevallig die teiken van die Ndebele se aanval geword onderwyl hulle daar gejag het.

Ons kan aanvaar dat die dood van sy seuns vir Stephanus Erasmus hewig moes ontstel het. Daar kan egter nie beweer word dat dié gebeure hom laat trek het nie. Hy het die jagtog wat hy onderneem het egter ook as 'n verkenningsstog beskou.⁴³

Erasmus het vroeg September 1836 van hierdie noodlottige ekspedisie na sy plaas teruggekeer.⁴⁴ Hy het egter hierná weer die binneland aangedurf en op 19 Desember 1836 by Gert

-
34. KAB: LG 207 Letters Received from the Civil Commissioner, Cradock, W. Gilfillan — H. Hudson, 28/3/1837, no. 13, pp. 34-36.
35. KAB: CO 8481 Report on the Memorials by Inspector of Government Lands and Woods and the Sworn Surveyor Wernich, S.P. Erasmus — L. Cole, 7/1/1830, no. 21.
36. KAB: CO 8481 Report on the Memorials by Inspector of Government Lands and Wood and the Sworn Surveyor Wernich, S.P. Erasmus — B. D'Urban, 2/11/1835, ongepagineer.
37. KAB: 1/SSE 8/76 Letters Received from Surveyor General, W.F. Hertzog — D. Campbell, 18/8/1837, ongepagineer.
38. KAB: A 519 vol. 3 Letters Received, H. Somerset — S.P. Erasmus, 1/11/1835, p. 105.
39. KAB: CO 2763 Letters Received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, Albany and Somerset, D. Campbell — J. Bell, 14/1/1836, no. 4.
40. KAB: 1/SSE 12/4 Letters Received from the Clerk of the Peace, Rough Letter Book, D.J. Cloete — Clerk of the Peace, Somerset, 31/3/1837, ongepagineer.
41. P.J. van der Merwe, *Die Matebeles en die Voortrekkers, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1986 II*, pp. 7, 32.
42. KAB: 1/GR 10/26 Letters Received, S.P. Erasmus — G. Kruger, 22/9/1836, ongepagineer.
43. P.J. van der Merwe, 'Die Matebeles en die Voortrekkers', pp. 3-4.
44. LG 141 Letters Received from Colonel Henry Somerset (Commandant of the Eastern Frontier), S.P. Erasmus — H. Somerset, 9/9/1836, pp. 154-156.

Maritz se laer aan die suidekant van die Blesberg gearriveer. Hierdie keer was dit sy doel om die strafveldtog van die Voortrekkers teen Mzilikazi mee te maak.⁴⁵ Erasmus het blykbaar gehoop dat sy twee seuns, wat tydens die Vaalrivier-aanval deur die Ndebele weggevoer is, nog gelewe het.⁴⁶

4. Op Trek

Erasmus het teen ongeveer begin Februarie 1837 van die kommando na sy huis teruggekeer en het daarna eers sy trekgeselskap vanuit die wyke Brak- en Kraairivier georganiseer. Hy het op die vroegste eers teen die einde van Mei 1837 geëmigreer. Daar is voldoende bewys in eerwaarde Erasmus Smit se dagboek dat Erasmus wel sy eie laer gehad het. Erasmus het die amp van kommandant tydens die emigrasie beklee. Eerwaarde Smit het bv. vermeld dat hy 'n gewaardeerde leier en kommandant was.⁴⁷

Die Erasmus-trek moes tussen Julie en September 1837 in die omgewing van Pieter Retief se laer waar hulle langs die Sandrivier opgetrek het, gewees het.⁴⁸ Retief het ook met Erasmus beraadslaag oor sy voorgenome kommissie na Port Natal.⁴⁹ Hieruit kan ons aflei dat Erasmus 'n aansienlike mate van invloed as trekleier geniet het.

Na die moord op Retief en sy geselskap en die mislukte eerste veldtog teen Dingane se Zulu by Italeni, het Erasmus op 18 April 1838 vir Hendrik Potgieter probeer oorreed om nie Natal te verlaat nie.⁵⁰ Moontlik is hy as gerespekteerde leier deur sy mede-emigrante versoek om met Potgieter te beraadslaag.

Met die komst van Andries Pretorius en die voorgenome veldtog teen Dingane, is Erasmus in November 1838 as een van die ses kommandante aangewys.⁵¹ In hierdie hoedanigheid het hy dan aan die slag by Bloedrivier deelgeneem. Erasmus het ook 'n gedeelte van die kommando gelei wat tydens die slag by die Wit-Mfolozi in 'n lokval gelei is en ternouernood ontkom het.⁵²

5. Vestiging in Natal

Die oorwinning by Bloedrivier het verseker dat die emigrante hulle in Natal kon vestig.⁵³ Stephanus Erasmus het op verskeie please in Natal aanspraak gemaak. So byvoorbeeld het hy op 12 November 1841 die plaas Rietspruit aan die Mgeni naby Pietermaritzburg vir die bedrag van 15 pond gekoop.⁵⁴ In 1839 het Erasmus ook erwe in Pietermaritzburg gekoop en daarop gebou.⁵⁵

Dat die voormalige kommandant waarskynlik ook in landsake belang gestel het, blyk uit die feit dat Erasmus ook Volksraadslid was. Hy het vanaf 14 Mei 1839 tot 6 Januarie 1840 gereeld sittings bygewoon.⁵⁶ Met die volgende verkiesing wat tussen 6 Januarie en 2 Februarie 1840

45. J.C. Visagie, Minder bekende Voortrekkerleiers, (*Historia*, Mei 1990, pp. 45-46).

46. Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria: SS 4063 Odé-stukke, De Uitroeiers van de Selekaatsryk in de Transvaal, pp. 67-68.

47. J.C. Visagie, Minder bekende Voortrekkerleiers, (*Historia*, Mei 1990, p. 46).

48. Gustav S. Preller, *Piet Retief* (Pretoria, 1912), p. 116.

49. H.F. Schoon (red.), *Uit het dagboek van Erasmus Smit*, 19/9/1837 (Pretoria, 1967), p. 38.

50. P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers* (Johannesburg, 1987), p. 143.

51. B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal* (Pretoria en Kaapstad, 1977), p. 23.

52. P.J. Coetser, Herinneringe (Preller, red., *Voortrekkerkermense IV* (Kaapstad, 1925), pp. 55-56); B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 44.

53. B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 92.

54. KAB: CO 6152 Register of farms *Bona fide* occupied in Natal, 1839-1842, ongepaginéer.

55. Natalse Argiefbewaarplek (hierna NAB), Pietermaritzburg: SGO II/5 Henry Cloete's register of erven, 1843, p. 87.

56. J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Natalse Volksraad, 14/5/1839, 27-29/6/1839, 5-7/9/1839, 3-4/10/1839, 11/11/1839, 2-4 en 6/1/1840 (SA Argiefstukke Natal No. 1, pp. 10-28).

plasgevind het,⁵⁷ is Erasmus nie weer as lid verkies nie, of hy het hom nie weer verkiesbaar gestel nie.

Die oud-Volksraadslid het hom egter nie aan die openbare lewe ontrek nie. Hy het by verskeie geleenthede as fungerende landdros⁵⁸ en as heemraad te Pietermaritzburg diens gedoen.⁵⁹ As lid van die Raad van Landdros en Heemrade het hy ook as kommissaris van huweliksake opgetree.⁶⁰

6. Die verhuis na Winburg, Potchefstroom en Ohrigstad

Na die Britse anneksasie van Natal en die proklamering van dié streek as 'n Britse kolonie op 12 Mei 1843,⁶¹ het daar 'n tydperk van groot verwarring onder die emigrante ingetree.⁶²

Baie emigrante, soos waarskynlik ook Stephanus Erasmus, was heftig teen onderwerping gekant. Erasmus het die versoekskrif geteken waarin gevra is dat Gert Rudolph as kommandant-generaal in die plek van Andries Pretorius aangestel moet word.⁶³ Uiterste demokrate soos J.S. Maritz en J.J. Burger was nie met die toenemende invloed van Pretorius tevrede nie.⁶⁴ Dit is bekend dat Erasmus na die deklarasie van onderwerping vir Burger help ontsnap het.⁶⁵

Daarop het Stephanus Erasmus sy plaas en besittings in Natal verkoop en gedurende die laaste helfte van 1843 na Winburg verhuis waar sy familie met dié van Karel Tregardt verenig het.⁶⁶ Tregardt is in Mei 1841 met Stephanus Erasmus se dogter, Zacharia Geertruijda, getroud.⁶⁷ Tregardt het reeds voor Erasmus se vertrek 'n handelstog na die Vrystaat onderneem.⁶⁸

Na 'n verblyf van ses maande by Winburg het Tregardt en Erasmus na Potchefstroom verhuis.⁶⁹ Hier het Erasmus op 6 Mei 1845 die verklaring onderteken waarin Hendrik Potgieter as hoofkommandant en "bestierder" vir die voorgenome trek na Oos-Transvaal erken is.⁷⁰

In Junie en Julie 1845 het Potgieter se trek aangeland op 'n plek wat binne enkele dagreise van Delagoabaai geleë was. Hier is 'n dorp met die naam Andries-Ohrigstad aangelê.⁷¹ Volgens die register van die aangetekende phase in Ohrigstad, is die plaas Paardekraal, geleë naby die afloop van die Blyderivier, op 8 September 1845 aan Stephanus Erasmus toegeken. Die aansoek is egter

-
57. H.J. van Aswegen, *Die Natalse Volksraad, 1838-1845 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1963)*, p. 76.
58. NAB: 1/LPMB 1 Notule van Verrigtings in Kriminele Sake, 1840-1845, 17/2/1841, pp. 6-15; J.H. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad, 13/6/1842, 10/9/1842 (SA Argiefstukke Natal No. 1, pp. 155, 159-160).*
59. J.H. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad, 6/1/1842, 19/1/1842 (SA Argiefstukke Natal No. 1, pp. 77, 130); KAB: 1/LPMB 2 Siviele Regsrol, deel I, pp. 218, 293, 302, 334, 345; NAB: 1/LPMB 1 Notule van Verrigtings in Kriminele Sake, 1840-1845, 3/9/1842, p. 185; NAB: 1/LPMB 3 Siviele Regsrol, deel II, 28/8/1842, no. 1, p. 26.*
60. 1/LPMB 20 Notule van die Huwelikshof, pp. 97, 99, 101, 103, 105, 107.
61. H.J. van Aswegen, *Die Natalse Volksraad, 1838-1845*, p. 130.
62. Henry Cloete, *The history of the Great Boer Trek* (London, 1900), p. 169.
63. J.H. Breytenbach (reds), *Notule van die Natalse Volksraad, 18/9/1842 (SA Argiefstukke Natal No. 1, p. 421).*
64. H.J. van Aswegen, *Die Natalse Volksraad, 1838-1845*, p. 61.
65. S.W. Burger, *Herinneringe (Preller, red., Voortrekkerkermense IV, p. 67).*
66. TAB: SS 4063 Odé-stukke, Grondlijnen van de verschillende treken der vernaamste Voortrekkers, p. 106.
67. NAB: 1/LPMB 20 Notule van die Huwelikshof, p. 98.
68. Karel Tregardt, *Herinneringe (Preller, red., Voortrekkerkermense II, (Kaapstad, 1920), p. 22).*
69. TAB: SS 4063 Odé-stukke, Grondlijnen van de verschillende treken der vernaamste Voortrekkers, p. 106.
70. H.S. Pretorius en D.W. Krüger (reds), *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, 6/5/1845 (Pretoria, 1937)*, pp. 181-183.
71. D.W. Krüger, *Die Weg na die See, Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1938 I*, pp. 94-95.

geskrap.⁷²

Dit het spoedig geblyk dat Ohrigstad as 'n handelsentrum waardeloos was. Die pad na Delagoabaai was te moeilik en malaria het 'n hoë tol geëis.⁷³

Stephanus Erasmus is in Februarie 1847 oorlede.⁷⁴ Hy het op Branddraai, die plaas van Karel Tregardt, gesterf.⁷⁵

Van Stephanus Erasmus se nasate het in die latere Zuid-Afrikaansche Republiek hul merk gemaak. So byvoorbeeld was lt.-kol. Stephanus Petrus Elardus Tregardt, kleinseun van die ou Voortrekker, hoof van die Staatsartillerie in die Transvaalse Republiek.⁷⁶ Hy het tydens die Eerste Vryheidsoorlog met die bestorming van Amajuba die aandag op hom as krygsman gevestig.⁷⁷

-
72. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Bylaag 9, 1845 (*SA Argiefstukke, Transval No. 1*, p. 171).
73. J. Meintjes, *The Voortrekkers. The story of the Great Trek and the making of South Africa* (London, 1973), p. 214.
74. KAB: MOOC6/9/47, no. 44 (Death Notice).
75. KAB: MOOC 13/1/149 Likwidasie en Distribusie rekening, Anoniem — S. van Breda, 24/10/1848, ongepagineer.
76. M.H. Buys, S.P. Erasmus (D.W. Krüger en C.J. Beyers (eds), *Dictionary of South African Biography III* (Cape Town 1977), pp. 276-277); L. Trichardt, *Dagboek van Louis Trichardt 1836-1838* (geredigeer deur G.S. Preller, Kaapstad ens., 1938) p. XLIII.
77. L. Trichardt, *Dagboek van Louis Trichardt 1836-1838* (geredigeer deur G.S. Preller), p. XLIII.